

**SONDAG 26 APRIL**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 TESSALONISENSE 5:6**

### **Uitverkiesing en wederkoms**

Die wêreld en ook baie kerkmense is aan die slaap. Hulle leef asof die wederkoms nooit sal plaasvind nie. Hulle is selfsugtig en geldgierig, liefdeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie en ongehoorsaam aan hulle ouers.

So beskryf Paulus die mense van die laaste dae aan Timoteus in 2 Timoteus 3. Die ongelowiges van Tessalonika het só geleef. Party van die gelowiges daarteenoor het weer verstaan dat die wederkoms baie naby was en daarom het hulle ledig daarvoor gesit en wag.

Paulus het toe twee sake baie duidelik gestel:

Eerstens herinner hy die Tessalonisense daaraan dat die wederkoms onverwags sal wees (vs 1-3). Daarmee waarsku hy hulle teen die valse gerustheid en teen dwaalleer oor die tyd van die wederkoms.

In die tweede plek roep hy hulle op om wakker te bly en nugter te wees. Dit beteken dat hulle moet volhard in geloof, liefde en hoop (vs 8). Hulle moet mekaar bemoedig (vs 11) en hulle moet ook die leiding van hulle voorgangers aanvaar (vs 12, 13). Hulle moet ook na mekaar omsien, mekaar vermaan, voortdurend bly wees, biddend leef en altyd dankbaar wees (vs 14-18). Verder moet hulle ook die prediking ernstig opneem (vs 20-23).

Die troue Verbondsgod laat sy kerk vandag nog deur die prediking van sy Woord waarsku. Sy uitverkorenes gee ag op hierdie waarskuwing, want Jesus Christus het hulle uit die duisternis verlos. As mense van die lig weet hulle ook waarheen hulle op pad is. Dit is veral in hulle lewenswyse te sien.

Is dit ook in jou lewe duidelik?

*Sing: Skrifberyming 43:5*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*